Finansies 2

Lizette Du Piesanie 27/10/2019

1. MY HART IS WAAR MY SKAT IS

Mattheus 6:19-20 (Die Bybel vir Almal) "Dit moenie vir julle belangrik wees om mooi en duur goed bymekaar te maak hier op die aarde nie. Motte vreet dit en dit roes, diewe breek in by huise en steel dit."

Luke 12:13-21 ('53 Vertaling) "EN een van die skare sê vir Hom: Meester, sê vir my broer dat hy die erfenis met my moet deel. Maar Hy antwoord hom: Mens, wie het My as 'n regter of deler oor julle aangestel? En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie. 16Toe vertel Hy hulle hierdie gelykenis: 'n Ryk man se grond het goed gedra. En hy het by homself geredeneer en gesê: Wat sal ek doen, want ek het geen plek waar ek my oes kan insamel nie? Toe sê hy: Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel. En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik. Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie."

1.1. Om ryk in God te wees is soos om te sê "Ek het nou my porsie gehad, wat wil U hê moet ek met die res doen?"

1.2. Vrygewigheid is die teenmiddel vir geldgierigheid en vrees.

Matteus 6:21-24 ('53 Vertaling) "want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees. Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie! Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie!"

1.3. Vrede en tevredenheid met God maak ons veilig teen geldgierigheid.

Jakobus 3:16 (Nuwe Lewende Vertaling) "want waar jaloesie en selfsugtige ambisie is, dáár sal jy ook wanorde en allerhande gemene dade kry."

1.4. Waar daar jaloesie en ambisie is, is daar wanorde en gemene dade.

Proverbs 4:23 (TPT) "So above all, guard the affections of your heart, for they affect all that you are. Pay attention to the welfare of your innermost being, for from there flows the wellspring of life."

2. STATISTIEKE OOR TIENDE:

2.1. Slegs 10-25% van enige gemeente gee tiendes.
2.2. Gemiddeld gee Christene 2.5% van hulle inkomste.
2.3. Gedurende die Groot depressie was dit 3.3%.
2.4. 8/10 Mense wat gee vir kerke het nie kredietkaart skuld nie.
2.5. Religieuse bydraes is af met 50% vanaf 1990.
2.6.

3. WAT SOU GEBEUR AS ELKE CHRISTEN SY TIENDE GEE?

3.1. Daar sal ‘n addisionele $165 biljoen vir kerke wees om te gebruik en weg te gee.
3.2. Die globale impak sal fenomenaal wees.
3.3. $25 biljoen kan wêreld honger, hongersnood en die dodetal van behandelbare siektes oplos in 5 jaar.
3.4. $12 biljoen kan ongeletterdheid binne 5 jaar elimineer.
3.5. $15 biljoen kan die wêreld se sanitasie en water probleme oplos spesifiek by plekke waar 1 biljoen mense minder as $1 per dag verdien.
3.6. 1 biljoen kan alle oorsese sending werk befonds.
3.7. Dan bly daar steeds 100-110 biljoen oor om bedieninge uit te brei.

Gesprek Gids

OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS ‘N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK

1. Vra jy vir God wat Hy wil hê jy moet doen met die geld wat Hy jou gee?
2. Dink jy dit is belangrik om jou tiende te betaal?
3. Het jy al begin belê in jou skat in die hemel?